ONDERRIG

# KRITIESE DENKE EN GESKIEDENISONDERRIG

*Dries van Wyk*
*Hoërskool Stellenbosch*

Tradisioneel behels die vak Geskiedenis 'n groot hoeveelheid feite en is dit ook so dat juis geskiedenisfeite oënskynlik die maklikste vergeet word, omdat dit iets van die verre verlede is en nie onmiddellik ter sake is nie. Deur middel van die tegnologie word verskillende wêrelde van inligting ontsluit en steeds word geen moeite ontsien om die kennisvelde te dek in die beperkte ruimte van 'n sillabus nie. Dit lei onder andere daartoe dat kennisdoelwitte in onderrig en toetsing die grootste gewig dra.[1] Indien daar egter nie regverdiging vir kennis is nie, is die potensiële betekenis-omvang van die vak onder verdenking. Kennis en nuwe inligting moet aangeleer word en moet verband hou met dit wat reeds bemeester is. "In the movement to teach thinking, the emphasis is on presenting knowledge so that it is useful and usable to the learner".[2]

Die skool in 'n prestasiebewuste gemeenskap is voortdurend onder die soeklig. Die getal onderskeidings wat behaal word tydens die Senior Sertifikaateksamen het in sekere gevalle die norm geword vir 'n goeie skool. Die kwaliteit van die leerlinge word gemeet aan die sukses wat hulle in genoemde eksamen behaal het.[3]

In die verbruikersklimaat waarin waarde geheg word aan die vermoë om te besit, word kennis ook aangedui deur sertifikate, diplomas en grade, eerder as vaardighede. Ook die leerling wil presies weet watter kennisinhoude getoets gaan word in die eksamen sodat dit geleer kan word. Daar word in baie gevalle duidelik georganiseerde en klaar geweegde inligting verwag sodat dit maklik "ingeneem" kan word. Die probleem van 'n nie-kritiese ontvang van inligting word vererger deurdat selfstandige en onafhanklike denke ontmoedig word deur 'n dikwels oorwegend negatiewe houding teenoor leerlinge wat lastige vrae vra.[4] Alhoewel dit nie as algemeen-geldend aanvaar kan word nie, is die blote aanwesigheid van só 'n houding verontrustend.

Die skynbaar gebrekkige denkonderrig in Geskiedenis word ook gemanifesteer in die feit dat sommige leerlinge 'n onvermoë aan die dag lê om vrae korrek te interpreteer en te beantwoord. Eksaminatorverslae bevestig foutiewe vertolking van vrae en opdragte, onsistematiese benadering van probleme, gememoriseerde antwoorde en 'n onvermoë om gedagtes volledig, suiwer en logies te formuleer.[5]

## KRITIESE DENKE

'n Literatuurstudie toon dat die konsep kritiese denke geen nuwe of eietydse idee is nie. Reeds so ver terug as 2400 jaar gelede, het Sokrates deur middel van indringende vraagstelling vasgestel dat die gesag- en leiersfigure van sy tyd nie altyd voldoende en redelike regverdiging vir hul kennis gehad het nie. Sokrates is volgens Paul[6] beskuldigend wanneer hy sê dat "... confused meanings, inadequate evidence or selfcontradictory believes that are often lurking beneath smooth but largely empty rethoric". In die Verenigde State van Amerika doen opvoedkundiges indringende navorsing oor kritiese denke.

**Definisie:** Kritiese denke is die proses waar inligting, verklarings, argumente, aannames en afleidings beoordeel word aan die hand van die metodes van logiese vraagstelling, probleemoplossing en evaluering. Dit impliseer kennis, houdings en denkvaardighede wat ontwikkel en toegepas moet word om moontlike alternatiewe uitgangspunte te ondersoek voordat gevolgtrekkings gemaak word.

In dié definisie word die aksent op beoordeling, evaluering en bevraagtekening

geplaas. Kritiese denke openbaar 'n vaardigheid om 'n probleem te omskryf en gegewens wat vir die oplossing nodig is te selekteer. Die persoon moet denkfoute kan uitken en in staat wees om hipoteses te formuleer waarna geldige gevolgtrekkings gemaak kan word. Om 'n waarde-oordeel uit te spreek beteken dat 'n saak geëvalueer moet word. Die waardevolle van 'n saak word dus van die waardelose geskei. Die beoordeling van die waarde van 'n saak is nie 'n blindelingse veroordeling of partydige vooroordeel nie, maar beteken dat 'n persoon 'n saak van alle kante sal beskou deur alle moontlike perspektiewe in berekening te bring.

Omdat kritiese denke in baie gevalle met kritiek in verband gebring word en laasgenoemde begrip soms op die negatiewe dui, is dit nodig om te beklemton dat kritiese denke hier nie heenwys na 'n stemming van ontevredenheid nie. Om krities te wees, kan ook daarop dui dat die individu 'n keuse moet maak tussen dit wat goed is en dit wat beter mag wees. Die kritiese denker sal dan ook moontlik die vaardigheid besit om dit wat altyd of tradisioneel as goed beskou is te laat vaar, omdat die beste nou van meer waarde mag wees. 'n Kritiese ingesteldheid (kritiese gees) is belangrik, omdat dit impliseer dat die individu ook krities oor sy eie denke moet wees.

## HOUDINGS

Alhoewel daar sterk klem op die rasionele, bewustelike en intellektuele greep op die werklikheid in die onderrig van geskiedenis geplaas word, is dit so dat die vak oor die mens en dus ook sy emosies handel. Die gevaar bestaan dat die emosionele kan veroorsaak dat waardes toegeken word aan die geskiedenisinhoud wat slegs eie aan 'n bepaalde groep is.

In 'n omskrywing van kritiese denke is dit noodsaaklik om te verwys na die kenmerkende wyse waarop die individu of groepe reageer teenoor 'n ander persoon, tipe persoon, groep, objek, situasie of idee. In dié proses waar verklarings, aannames, inligting, afleidings, argumente en oplossings geëvalueer word, is daar spesifieke houdings betrokke wat 'n beduidende invloed op die denkproduk mag hê. 'n Definisie van kritiese denke kan nie los gesien word van dié houdings nie.[7]

Binne die raamwerk van 'n omskrywing van kritiese denke, dui houdings in hierdie studie op "... the way a person consistently thinks or feels about something, or is disposed to react to it".[8] In dié verband word houding ook gedefinieer as "... a disposition to respond favourable or unfavourable to an object, person, institution or event"[9], en "... a learned predisposition to react consistently in a given manner either positively or negatively to certain persons, objects or concepts. Attitudes have cognitive, affective and behavioral components".[10] Vir Moore, McCann and McCann is houdings "... a persistent state of readiness to react favourably or unfavourably, affirmatively or negatively towards a stimulus accordingly to one's system of values".[11] Houdings verander nie op kort kennisgewing, van minuut tot minuut of van dag tot dag nie, en is in dié sin dus blywend van aard. Wanneer individue se houding ten opsigte van 'n saak nie volgens spesifieke waardes aanvaarbaar is nie, kan die uiteindelike en moontlike volvoering van die taak nie suksesvol wees nie. Die mens se denke word bewustelik of onbewustelik beïnvloed deur 'n houding en kan in die proses geblokkeer word deur negatiewe aspekte daarvan. Die individu is ook blootgestel aan die media, individue en groepe en houdings kan gemanipuleer word tot voordeel van 'n spesifieke persoon of saak.

Die invloed van 'n vasgelegde houding op die denke kan in die alledaagse omgang waargeneem word. In dié verband word as voorbeeld voorgehou die vooroordeel of onbevooroordeeldheid ten opsigte van ander rasse, godsdiensgroepe, kulturele instellings, gemeenskappe en individue. Dit mag ook wees dat die gemeenskap, as gevolg van geslagtelange kondisionering van sekere houdings, nie kan of wil wegbreek uit dié denkwyse wat op die lange duur negatiewe gevolge mag hé nie.

Die volgende houdings word as belangrik beskou vir die ontwikkeling van kritiese denke in geskiedenisonderrig.

### Intellektuele eerlikheid

Intellektuele eerlikheid verwys na die aanvaarding van 'n argument of standpunt

waarvoor daar voldoende bewyse is, al druis dit in teen ou gevestigde opvattings.

**Intellektuele nuuskierigheid**

Intellektuele nuuskierigheid behels dat die persoon vraagstellend teenoor 'n saak sal staan en antwoorde op vrae soos hoekom, wie, wat en waar sal soek. Hierdie idees, argumente en verklarings kan dan op laasgenoemde vrae en antwoorde gebaseer word.

**Openheid**

Hierdie houding impliseer 'n bereidwilligheid om 'n breë spektrum van moontlike oplossings vir 'n saak te oorweeg. Ten opsigte van 'n houding van openheid sê D'Angelo dat dit nodig is vir "... making adjustments without bias or prejudice."[12]

**Respek vir ander se sienswyses**

Die vaardigheid om na ander se sienswyses te luister is 'n vereiste vir kritiese denke. Die kritiese denker erken dat hy ook verkeerd en ander idees ook korrek kan wees. Hierdie gesindheid impliseer dat daar nie plek vir 'n arrogante houding van "... ek beskik oor die volle waarheid", kan wees nie.

**Beslistheid**

Sodra die inligting en getuienis dit regverdig, kan daar nie gehuiwer word wanneer gevolgtrekkings gemaak moet word nie. Die noodsaaklikheid van hierdie houding vir kritiese denke word benadruk, omdat 'n oordrewe openheid en respek vir ander se sienswyse kan beteken dat die middeweg aanhoudend gevolg word om sodoende nie aanstoot te gee nie.

**Buigsaamheid**

Buigsaamheid veronderstel dat opvattings en werkwyses gewysig kan word, as die noodsaaklikheid daarvoor klaarblyklik is. Onoortuigbaarheid en die vasklewing aan gewilde maar moontlik foutiewe opvattings, dui nie op intellektuele deug nie.

**Objektiwiteit**

Objektiwiteit beteken dat die individu hom op 'n streng gedissiplineerde wyse moet hou by die saak waarmee hy besig is en hom nie moet laat lei deur hoe hy dink en voel dit behoort te wees nie. Omdat die strewe na objektiwiteit besonder hoë eise stel, verg dit selfdissipline, eerlikheid, onpartydigheid en verantwoordelikheid.

**Intellektuele skeptisisme**

Skeptisisme wil 'n vraende of metodiese twyfel aandui. In 'n dogmatiese sekerheid is daar nie plek vir vrae nie en dit impliseer dat die persoon oor die volle waarheid beskik.

**Toewyding**

Toewyding dui op 'n volgehoue naspeuring van 'n saak ondanks probleme en terugslae wat mag voorkom. Die kritiese denker hou nie maklik op voordat 'n argument, verklaring of oplossing nie deeglik geëvalueer is nie.

**Onbevooroordeeldheid**

'n Vooroordeel is 'n houding wat gebaseer is op irrasionele denke, foutiewe inligting of blote onkunde. Vooroordeel is deel van die mens en kom gewoonlik voor waar mense as gemeenskaplike groepe bymekaar is. Die eiesoortige, dit wil sê taal, afkoms of ander identifikasiesimbole, is die saambindende faktor.

## DENKVAARDIGHEDE

Die besondere aard van kritiese denke word ook gekenmerk deur die aanleer en toepassing van spesifieke vaardighede. Hierdie vaardighede dui op 'n behendigheid of 'n bedrewenheid as deel van die individu se kundigheid om so effektief as moontlik te probeer om die waarheid en akkuraatheid as doelwit te bereik.[13]

Volgens Sutherland is 'n vaardigheid "... a learned ability to carry out a task, whether motor or cognitive."[14] In dieselfde verband skryf Harré & Lamb dat "... skills are capabilities to perform particular tasks or to achieve particular goals. Many skills can be acquired, sometimes after a long period of training and practice."[15] Ook Corsini dui aan dat "... a skill is defined as a coordinated series of actions that serve to attain some goal or accomplish a particular task".[16]

**Identifisering van kernaspekte**

Geen saak kan intelligent beredeneer of geëvalueer word, terwyl daar nie duidelikheid is oor dié aspekte wat werklik belangrik is nie. Dit impliseer ook dat terme of konsepte deur almal verstaan word.[17]

**Vasstelling van ooreenkomste en verskille**

Wanneer twee kante van 'n saak teen mekaar opgeweeg word, sal daar ooreenkomste en verskille wees. Indien dit geïdentifiseer is, word die evalueringsproses vergemaklik en meer doelgerig.

**Vasstelling van feitelike akkuraatheid**

Daar moet duidelike bewyse wees vir die feite wat gebruik word om die probleem op te los. Die persoon moet dus weet hoe om bronne te gebruik en sy argumente met feite te staaf.

**Vasstelling van die aanneemlikheid van 'n argument**

Daar moet vasgestel word of 'n argument aanneemlik is en of dit slegs op onbevestigde aannames berus. Aanneemlikheid dui hier op die wettigheid of bindende krag of gesaghebbendheid van die feitebron of argument wat gebruik word.

**Onderskei tussen relevante en nie-relevante informasie**

In die soeke na die korrektheid of waarheid van enige saak, is dit 'n noodsaaklike vaardigheid om die ter sake gegewens van enige bykomstighede of nie-essensiële feite duidelik te onderskei.

**Uitkenning van 'n bevooroordeelde houding**

Die kritiese denker soek kennis en insig en wanneer daar krities ontledend te werk gegaan word en alle moontlike feite aangaande 'n saak teen mekaar opgeweeg word om verklarings aan te bied, kan bevooroordeeldheid die proses vertraag en verhinder.

**Uitkenning van dubbelsinnige, vae, oordrewe en teenstrydige argumente**

Die vaardigheid om dubbelsinnige, vae, oordrewe en twyfelagtige argumente te kan identifiseer, is 'n noodsaaklikheid, omdat woorde en uitdrukkings dikwels meer as een betekenis het. Die presiese bedoeling met woorde wat gebruik word, moet duidelik wees. Terme soos **baie, ons, hulle, almal** wat gereeld in argumente gebruik word, is vaag. In dieselfde verband word oordrywings soos byvoorbeeld **verskriklik** en **geweldig** gebruik.

**Voorspelling van moontlike gevolge**

Indien die saak goed deurdink is en die oorsaak en verloop bepaal is, kan die moontlike gevolge geantisipeer word.[18] Deurdie verwerking van feite kan die individu tot die insig kom dat heelwat vraagstukke van die hede in die verlede gesetel is.

## KRITIESE DENKE EN 'N PROBLEEMOPLOSSENDE VERMOë

Vanuit die bestudeerde literatuur en praktykgerigte ervaring, blyk dit dat die potensiaal daar is om kritiese denkvaardighede deur 'n doelgerigte program in die vak Geskiedenis te ontwikkel.

Die samelewing stel eise aan die individu en laasgenoemde word dikwels in komplekse situasies geplaas. Dit beteken dat die individu grootliks van sy kritiese denkvermoë afhanklik is om probleemsituasies die hoof te bied. Die optimale ontwikkeling van die leerder se kritiese denkpotensiaal moet dus 'n primêre opvoedingsdoel van die skool wees. Dit mag nie net 'n opvoedkundige moontlikheid wees nie, maar dit moet 'n opvoedkundige verantwoordelikheid wees.

Alhoewel daar met De Bono saamgestem word dat kritiese denke in terme van die waarde daarvan vir probleemoplossende denke, oorbeklemtoon kan word, moet aanvaar word dat probleme van 'n historiese aard aangespreek word en deur kritiese denke word daar gepoog om oplossings te soek.[19] Die doelstelling wat daarop gemik is om 'n oordeelsvermoë te ontwikkel, is bereikbaar, omdat die kind gehelp word om 'n historiese begrip te ontwikkel deurdat daar tussen die waarskynlike en die onwaarskynlike onderskei moet word.

**Kritiese denke en die rol van feitekennis**

Alhoewel daar kritiek is teen die massas feite wat oorgedra word, kan kritiese denke nie sonder hierdie feite ontwikkel word nie. Indien aanvaar word dat kritiese denke as onderdeel die rasionele verwerking van feite het, deur alternatiewes teen mekaar op te weeg en te analiseer, en om dan eers tot 'n sintese en gevolgtrekking te kom, is dit nodig dat die kind oor die relevante feite moet beskik voordat 'n uitspraak gemaak word.[20] Deur kritiese denkontwikkeling word beoog om die ontledende vermoë in te skerp en die kind se beredeneringsvermoë en kritiese insig in die historiese materiaal te ontwikkel.

**Kritiese denke en denkvaardigheidsontwikkeling**

'n Kritiese denkvermoë kan ook ontwikkel word deur bepaalde vaardighede. Kritiese insig is van groot waarde wanneer historiese materiaal ondersoek word. Die waarde lê daarin dat daar tussen primêre en sekondêre bronne onderskei moet word, relevante inligting versamel word en aangebode inligting geïnterpreteer word. Hierdie denkvaardighede is 'n duidelike deel van 'n operasionele definisie van kritiese denke en deur kritiese denke kan op grond van verworwe kennis 'n sinvolle analise en uiteindelik 'n sintese gemaak word.

**Kritiese denke en waarde-oordele**

Die breë opvoedingsdoelstellings beoog om die kind tot volwassenheid te lei en dit impliseer dat die volwassene die kind bewustelik beïnvloed en 'n rol speel in sy ontwikkeling. Omdat Geskiedenis die kind van die nodige kennis kan voorsien en hom help om sy eie waarde-oordele oor die wêreld waarvan hy deel is, te fel, het die vak as dissipline 'n duidelike en besondere funksie. In die beantwoording aan sy besondere doelstelling het die vak 'n verdere en besondere rol te speel, deurdat dit die leerling wil lei om hom as individu binne die gemeenskap te ontwikkel tot volle volwassenheid.

**Kritiese denke en Geskiedenisdoelstellings**

In samehang met die gegewe doelstellings van die vak, kan die kind gehelp word om gebeure in 'n groter verband te sien en nie as blote toevallighede nie. Dit sal hom dus help om die wisselwerking van oorsaak en gevolg te waardeer en 'n begrip vir tyd te ontwikkel. Die doelstelling dui daarop dat daar 'n behoefte moet ontstaan om die verlede te verstaan, kennis in verband te plaas en dié kennis te probeer toepas. Indien Geskiedenis inderdaad die leermeester van die lewe wil wees en dit primêr in die skool gaan om die oordrag van kennis met die oog op die lewe self, kan verhoudinge en algemene beginsels in die vak meer verstaanbaar wees. Vaardighede en houdinge soos vervat in die definisie van kritiese denke kan in situasies buite die klaskamer toegepas word.

**Kritiese denke en persoonlike interpretasies**

Behalwe die hantering van komplekse abstraksies, veronderstel kritiese denke ook die maak van eie interpretasies wat noodwendig moet lei tot 'n persoonlike standpuntinname. Deur die inspanning van denke kan verskynsels nie net op rasionele wyse verklaar word nie, maar kan daar skeppend omgegaan word met kennis, deurdat die kind sy eie persoonlike interpretasie daarvan kan maak.

**Kritiese denke en perspektiefverkryging**

Deur kritiese denke kan leerlinge tot die insig kom dat vraagstukke van die hede se wortels in baie gevalle diep in die verlede gevestig is. 'n Evaluering van die feite van die verlede kan moontlik tot 'n beter begrip van die probleme van die hede lei en dan kan daar sinvol aan oplossings gewerk word.

**Kritiese denke en die soeke na die waarheid**

Ingebou in die kritiese denke-doelstelling is die soeke na die waarheid. Hierdie strewe na die waarheid beteken dat met denkvaardighede as toerusting, foute, bedrog en verkeerde interpretasies blootgelê mag word.

**Kritiese denke en houdings**

In die definisie van kritiese denke, is daar melding gemaak van 'n doelgerigte poging om die gewenste houdinge in te skerp by die leerling. Dit beteken dat daar definitief aandag gegee moet word aan die kweek en ontwikkeling van positiewe houdings en dat dit moontlik van groter belang mag wees as

om leerlinge met die blote feite te oorlaai. Houdings is meer blywend van aard terwyl feite mettertyd vergeet mag word. Daar is egter historici wat teen die beklemtoning van houdings beswaar maak, omdat objektiwiteit nie hierdeur bevorder word nie.

Dit word egter aanvaar dat dit geregverdig is om houdings en waardes vanuit die skoolsituasie te ontwikkel. Dit behels 'n verantwoordelikheid ten opsigte van die eie gemeenskap, en dit sluit ook voorregte en regte as lid van dié gemeenskap in. Dit impliseer egter ook kennis en begrip vir onder andere die lewenswyse en filosofieë van ander groepe en individue. Geskiedenisonderrig wil onder andere leer dat persone mekaar moet verstaan. Deur kennis, verworwe houdinge en die toepassing van vaardighede kan daar 'n voorneme ontstaan om 'n bydrae te lewer om die lewenskwaliteite te probeer verbeter. Saam hiermee word gesien 'n openheid om ook die negatiewe en die onaangename werklikhede wat deel is van gemeenskappe bloot te lê en te aanvaar.

**Kritiese denkontwikkeling binne skoolvakverbandts**

Die ontwikkeling van kritiese denke is nie net beperk tot een spesifieke vak nie. Daar word van die standpunt uitgegaan dat kritiese denke 'n lewenswyse moet word en dat die geskiedenisleerkrag die geleentheid om dié denke te ontwikkel doelgerig moet benut. Dit kan alleen gebeur as die onderrigleermetode wat gevolg word in die klaskamer en die klaskameratmosfeer van so 'n aard is, dat kritiese denkontwikkeling kan plaasvind. In dié proses word daar van die leerkrag verwag om leerlinge toe te laat om deel te neem aan 'n gesprek of ander aktiwiteite waar geleentheid gebied word vir die inoefening en vaslegging van hierdie denkvaardighede en houdings. Die doelstelling om kritiese denke te ontwikkel kan egter nie oornag bereik word nie. Die suksesvolle bereiking daarvan lê vir die kind in die toekoms, omdat kritiese denke dikwels oor 'n langtermyn ontwikkel.

**Kritiese denke en didaktiese vaardigheid**

Die besondere werkwyse van die onderwyser is belangrik wanneer die ontwikkeling van kritiese denke die doelwit is. Alhoewel die aard van die leerstof en die onderwyser en leerling se vermoë 'n rol speel in die keuse van 'n onderrigmetode, kan voordrag, gesprek en selfdoen as basiese metodes, aangewend word om kritiese denke te ontwikkel. Die eise van die samelewing bring mee dat die mens homself telkens in probleemsituasies mag bevind. Om hierdie situasies te kan hanteer, moet die leerling leer om ook deur middel van evaluering en toepassing van denkvaardighede, te sorg dat 'n bepaalde lewensstandaard en lewenskwaliteit gehandhaaf word. Dit is daarom noodsaaklik dat die leerling hetsy deur die gesprek-, of voordrag- of selfdoenmetode, kennis maak met die houdings wat nagestreef word en denkvaardighede wat aangewend kan word.

Wanneer dit die onderwyser se doel is om die leerling te leer om krities te dink, sal 'n klimaat geskep word waar daar 'n vrymoedigheid is om vrae te vra en te antwoord en geleentheid om selfstandig aan doelgerigte aktiwiteite deel te neem. In dié verband sal die leerling gehelp word om inligting te vind, te organiseer, toe te pas en ook om te leer om ander opinies te verstaan, denkvrae te hanteer en self by die onderrigleergebeure betrokke te raak.

In die didaktiese situasie behoort die klem dus eerder te val op selfstandige kennisverwerwing en die ontwikkeling van die vermoë om verworwe kennis aan te wend. Dit impliseer die ontwikkeling van denkvaardighede ooreenkomstig die denkontwikkelingsvlak van die leerlinge.

**Kritiese denke en die rol van die onderwyser**

Die onderwyser speel 'n belangrike en prominente rol in die inisiëring van 'n strategie om kritiese denke te ontwikkel. Die uitdaging word aan die onderwyser gerig om self 'n kritiese denkhouding te openbaar en deeglik onderleg te wees in didaktiese tegnieke sodat geleenthede geskep kan word om kritiese denke te ontwikkel. Die onderwyser moet die leerling toerus met intellektuele vaardighede en ingestel wees op die vordering wat hy maak ten opsigte van die aktualisering van die kritiese denkpotensiaal.

**Slot**

Kritiese denkontwikkeling, veral in die sekondêre skool, is 'n opvoedkundige noodsaaklikheid. Naas die verwerwing van kennis, is die vermoë om krities te dink, 'n vereiste. Indien die onderwyser deeglik opgelei word in wat die doel van kritiese denke is, bestaan die moontlikheid dat die eindeksamen nie die einddoel word nie. Die aanleer van kritiese denkvaardighede en die ontwikkeling van 'n kritiese denkhouding, kan die leerder help om sy plek in die samelewing vol te staan.

Geskiedenis as dissipline het 'n besondere rol te vervul in die algemene skoolopset, maar die verwerwing van historiese feitekennis alleen, kan nie die oorheersende doelstelling wees nie. Die geskiedenisonderwyser het 'n groot verantwoordelikheid om die kind te leer om kennis toe te pas en so ook kritiese denke te ontwikkel. Daar kan sprake wees van effektiewe geskiedenisonderrig, indien die onderwyser daarin slaag om leerders se kritiese denke optimaal te ontwikkel.

## VOETNOTE

1. J.J. Jordaan: Kry prioriteite reg vir gehalte in die onderwys, p. 11 (Unisa Alumnus, vol. 10, November 1988).

2. B.Z. Presseisen: Avoiding battle at curriculum gulch: Teaching thinking and content, p. 8 (Educational Leadership, vol. 45, no. 7, April 1988).

3. S.J. Neethling: 'n Opvoedkundige-gefundeerde intervakkurrikulêre denkontwikkelingstrategie vir die sekondêre skool, p. 4 (Ongepubliseerde M.Ed.-tesis, US, 1987).

4. J.J. Jordaan: Op. cit., p. 9.

5. Kaapse Onderwysdepartement: Verslae van eksaminator vir Senior Sertifikaateksamen, Onmsendskrywe 1984, 1985, 1986, 1987.

6. R.W. Paul: Critical thinking: Fundamental to education for a free society, p. 38 (Educational Leadership, vol. 42, no. 1, September 1984).

7. W.H. Burton: Education for effective thinking, pp. 34-35 (Appleton-Century-Crofts New York, 1960); E. D'Angelo: The Teaching of critical thinking p. 7. (B.R. Gruner, Amsterdam, 1971); T.C. Smit: Kritiese en skeppende denke, p. 412. (Die Unie, Jaargang 70, no. 10, April 1974); S.J. Neethling: Op. cit., p. 49.

8. S. Sutherland: The international dictionary of Psychology, p. 38 (Continuum, New York, 1989.)

9. R.J. Corsini; D. Ozaki; D. Bonnie (reds): Encyclopedia of Psychology, vol. 1, p. 99. (John Wiley and Sons, New York, 1984).

10. B.B. Wolman: Dictionary of behavioral science, p. 34 (Von Nostrand Reinhold, New York, 1973).

11. W.E. Moore; H. McCann; J. McCann: Creative and critical thinking, p. 433 (Miffen, Boston, 1985).

12. E. D'Angelo: Op. cit., p. 7.

13. B.L. Beyer: Critical thinking, p. 276 (Social Education, vol. 49, no. 4, April 1985).

14. S. Sutherland: Op. cit., p. 38.

15. R. Harré en R. Lamb: The Encyclopedic Dictionary of Psychology, p. 7575 (MIT Press, Cambridge (Mass), 1983).

16. R.J. Corsini: Op. cit., p. 99.

17. B.L. Beyer: Op. cit., p. 270.

18. Ibid., p. 272.

19. E. DeBono: Beyond critical thinking, p. 13. (Critical Review,

vol. 25, no. 3, January/February 1986).

20. A.E. Carl: Vakperspektief, doelstellings en onderwysende hantering van inhoude as dimensies van Geskiedenisdidaktiek: 'n verkenning en sistematisering, p. 71. (Ongepubliseerde M.Ed.-tesis, US, 1982).

---

## M A DEGREE IN GENERAL HISTORY

The following notice is published at the request of the Department of History, University of Stellenbosch.

The Department of History offers a structured course in History for full and part time students. The Course consists of three components: a series of seminars prepared under the tutorship of a lecturer, two examination papers and a short thesis. It is basically a selfstudy course with a structured study programme. No lectures are given but personal interviews and seminar presentations are arranged according to the number of students enrolled and the particular programme they choose. Students need not reside permanently in the vicinity of Stellenbosch. They must have good access to the university library or other well equipped libraries.

The course is designed to promote the study of General History and the nature of the programme is determined by the Department from time to time. Presently the programme consists of the following:

1. The Cold War, 1945 - 1992.
2. European Cooperation after 1945.

Students are required to prepare four seminars in each section. Full time students do both sections, that means eight seminars, in one year. Part time students do one section, four seminars, per year. The examination takes place in January. This is followed by research for a short thesis on a topic selected from one of the sections. The seminars represent 25% of the final mark, the examination 25% and the thesis 50%.

For more details contact Prof. P.H. Kapp at the Department of History, University of Stellenbosch, Stellenbosch 7600. Tel. (02231) 77-2179.

---